

---

# René Marais

---

## Poësiekroniek III

**Sheila Cussons:** *Membraan* (Kaapstad: Tafelberg, 1984)

*Membraan* is Cussons se negende digbundel sedert haar debuut in 1970 (met uitsondering van *Omtoorvuur*, 1982). Die bundel bevat 39 gedigte, drie gedigreekse bestaande uit onderskeidelik drie, vier en vyf gedigte elk en 'n drieluik, in teenstelling met bundels soos *Die somerjood* (1980) en *Verwikkelde lyn* (1983) met 33 gedigte elk en *Die swart kombuis* (1978) en *Die skitterende wond* (1979), wat elk 72 gedigte bevat.

*Membraan* is die eerste bundel waarvan byna al die gedigte in Suid-Afrika geskryf is en heelparty gedigte lewer bewys hiervan. Die openingsgedig, "Balling I", is nog in Spanje geskryf en handel oor die nimmereindigende verlange na Suid-Afrika. Sy maat, "Balling II", bevat egter 'n onverwagte paradoks: uiteindelik in Suid-

Afrika, voel Cussons haar hier ontuis, "soos 'n seer vis/op 'n blakende dek, of verskuil in modder,/wat dieselfde is." Mettertyd leef sy haar egter in in haar Kaapse woonstel met die balkon wat uitkyk op die Kompanjies tuin, soos blyk uit "Drie tuinsketse", "Slaaplose nag", "Lente-aand, Kompanjies tuin", "Rit in akwarel"; "Brood op my balkon" en "Ik en Ek". Ook in "Vuurloop deur 'n flessie" word 'n herinnering aan vuurlopers in Natal opgeroep deur die geur van patchouli. Die vir Cussons so bekende Spaanse wêreld kom slegs ter sprake in "Balling I" en die mooi "Ballade van 'n droom", en moontlik ook in "Die fret".

Vier gedigte in *Membraan* is aan Suid-Afrikaners (en die bundel aan Amanda Botha) opgedra: "Slaaplose nag" aan Van Wyk Louw, "Lente-aand, Kompanjies tuin" aan lady Anne Barnard,

“II Trieste affère” uit “Drie tuinskette” aan Pieter Cilliers en “Gebed vir dié in die wêreld”, waaruit die bundeltitel afgelei is, aan Marié Opperman. In eersgenoemde twee gedigte word daar met Louw en Barnard in gesprek getree. Gesprekke word ook gevoer met Teilhard de Chardin (“Die blik”), met ’n geliefde (die mooi gedig “Trane”), met ’n onbekende besoeker (“Klank van ang”). Die grootste en mees deurlopende gesprek in *Membraan* is egter dié met God.

*Membraan* is nie, soos byvoorbeeld *Die swart kombuis* en *Die woedende brood* (1981), ’n bundel met ’n sterk emosionele en onmiddellik ontroerende inslag nie. Dis ’n stiller bundel waaraan die leser wen, met ’n groot aantal gedigte wat subtieler ontroer: ek sou *Membraan* wou beskryf as ’n ode aan die alledaagse. As sodanig is dit dan ook ’n bundel waarin Cussons se persoonlike religieuse ingesteldheid, haar vreugde aan die kleinste en mees insidentele, duidelik blyk. Haar intieme verhouding met God en haar geloof dat álles aanbiddelik is, spreek uit gedig na gedig. In “Die goeie vlyt” stel sy dit soos volg: “Dom is geen ding en/sielloos niks.” Hierdie oortuiging word ook weerspieël in veral “Pastorale”, waarin sy nog moet wen aan suiwerheid, aan “net weer máklik wees”, en in “Die drui”, ’n jubeling oor die sintuiglike ervaring van die mens. Sy glo dat die alledaagse én dat die gewone mens besonders is (kyk bv. “In elk geval”). In hierdie opsig staan Cussons se poësie teenoor sommige van Van Wyk Louw se gedigte, soos inderdaad blyk uit “Slaaplose nag”, waarin sy verskil van Louw se opvatting omtrent die siel soos dit blyk uit “Cartesiaan” (uit *Tristia*, 1962). Ook erbarming met God, wat sekerlik deur sy genade slegs die diep gelowiges beskore is, word in *Membraan* aangetref: “Toe, blind-toe, bid ek die een gebed/wat nooit sal vrug voor die einde nie:/Christus, ontferm U oor u verskeurde Hart!” (“Drieluik I”).

Gesien in die lig van die oorheersend religieuse aard van die bundel (in 33 uit die 53 gedigte word Cussons se religieuse oortuiging weerspieël) is heiliges en vromes hier volkome tuis: Maria, die moeder van Christus (kyk o.a. “Taal van die kospot”, wat aansluit by die kombuisgedigte in *Die swart kombuis*), die Heilige Franciscus van Assisi, die Heilige Teresa van Avila en die Heilige Thérèse van Lisieux, wie se lewens die gelowiges as voorbeeld voorgehou word, asook die Heilige Thomas Aquinas (c. 1225-74) en die twintigste-eeuse religieuse filosoof Pierre Teilhard de Chardin.

Ook die Griekse mitologie word op interessante wyse in *Membraan* betrek deurdat groot mitologiese helde deurentyd gerelativeer word: selfs hulle was nie onfeilbaar nie. Eggo relatiewe Narcissus in die wete dat sy self nog minder is as hy, Orpheus se twyfel word beklemtoon, soos Io se oorwinning oor Juno deurdat sy tóg vir Zeus ’n kind gebaar het, en Cerberus word gerelativeer tot “’n brak se spook” (“’n Kransie wildekruid”). Ook in “Dido op hoogte aan Aeneas” word te kenne gegee dat Dido nie uit onbeantwoorde liefde vir Aeneas selfmoord gepleeg het nie, maar uit “’n eie besetenheid.” Die lyn word dan ook deur middel van die mitologiese deurgetrek na die hedendaagse Griekeland in die pragtige liefdesgedig “Peloponnesos”, opgedra aan die eietydse Griekse komponis Manos Hadjidakis (1925-); ’n gedig waarin die verblindendheid, passie en somberheid van Griekeland sáámgedig word.

Soos in Cussons se vorige bundels, kom vuur ook in *Membraan* ter sprake in gedigte soos “Vuurloop deur ’n flessie”, “Hoe maklik”, “Dido op hoogte aan Aeneas” en selfs in “Waterdans van Thetis”. Cussons se beleving van die wêreld as skilder word weerspieël in “Rit in akwarel” en “H. Franciscus” uit “Drie voorbeelde en ’n vertroosting”; ’n gedig wat by Giotto se uitbeelding van die Heilige Franciscus in sy beroemde fresko “H. Franciscus preek vir die

voëls” aansluit. In die gedigte “Peloponnesos” en “Gebed van ’n wêreldling” (oor die Venesiaanse komponis Tomaso Albinoni, 1671-1750) kom musiek ter sprake — in laasgenoemde tot eer en verheerliking van God.

Cussons se omgang met die taal blyk inhoudelik uit ’n gedig soos “Ik en Ek”, waarin die woorde klankmatig assosiasies van onderskeidelik koue en warmte oproep, maar ook uit haar hantering van klank as struktuurmiddel in die bundelgeheel. Voorkeur word verleen aan halfrym eerder as aan volrym (lg. kom slegs in “Moeder Juda se jongste” en in die kwartryne voor), bepaalde klankvelde word binne ’n gedig geskep en die woordorde word soms omgekeer ter wille van klankwinste (kyk bv. r. 2 van “By uit gemmerbier”). In aansluiting by haar wyse van klankhantering maak Cussons ook graag van woordherhaling gebruik wat in veral ’n gedig soos “Peloponnesos” funksioneel lied-agtig en byna inkanterend werk. Cussons se neologismes toon ’n bepaalde patroonmatigheid, soos “warreltaal” (p. 10) en “frommelmeng” (p. 29); ook “uitlepel” (p. 28) en die raak “gespérpupil” (p. 22). Knap vergelykings (soos “weggewimpel het/soos deur waterdeurdrenkte sneespapier”, p. 13) en metafore (soos die eekhorning se “heeltemal handjies”, p. 26) kom voor. Hierteenoor is die gebruik van “sig” as wederkerende voornaamwoord vir my persoonlik hinderlik, soos die ietwat weke “blekies bloei” (p. 19) en die anglisistiese “jong” in plaas van “kleintjies” (p. 34). Sowel jongmenstaal (p. 27) as Kaapse Afrikaans (p. 13) word gebruik.

Cussons se poësie in *Membraan* is oor die algemeen seggend eerder as suggestief (en sommige gedigte mis dan ook die geladenheid wat d.m.v. suggestie bewerkstellig kan word), maar eweneens oor die algemeen minder intellektueel betogend as die eerste agt reëls van “Die krusifiks”. Cussons se volop gebruikmaking van interpunksie sluit waarskynlik aan by die aard van die vers wat sy skryf. Mens kan jou die Afrikaanse poësie kwalik voorstel sonder Cussons se belangrike en omvangryke bydrae, veral ten opsigte van die verwoording van die religieuse ervaring, waartoe *Membraan* ’n beduidende bydrae lewer.

**Sheila Cussons: *Poems*** (Kaapstad: Tafelberg, 1985)

Hierdie bundel bevat ’n keur van 37 gedigte uit Cussons se omvangryke poëtiese oeuvre. Die digteres het self die keuse gemaak en die gedigte in Engels vertaal, gevolglik weerspieël hierdie bundel ook watter gedigte haar die naaste aan die hart lê. *Poems* stel haar man, Juan, en seuns Jordi en Jaume (aan wie die bundel opgedra is) nou vir die eerste keer in staat om ’n oorsigtelike blik op haar poësie te kry.

Al nege bundels van Cussons word in hierdie versameling verteenwoordig, ofskoon slegs een gedig (“Die vlieë”) uit *Verfen vlam* opgeneem is teenoor sewe gedigte uit sowel *Die sagte sprong* as *Membraan*. Die Engelse vertaling en die Afrikaanse oorspronklike is naas mekaar gedruk, en ten opsigte van sekere gedigte (soos “Die fret”) bied die vertaling ’n verhelderende perspektief en/of ’n nuwe dimensie op die oorspronklike Afrikaanse gedig. Cussons se vertalings is uitmuntend en staan baie na aan die oorspronklike teks, behalwe in die geval van die aangrypende “Christ of the burnt men”, wat in die Engelse vertaling beduidend verkort is — moontlik ook bewys daarvan dat Cussons haar ten opsigte van haar poësie ten diepste in Afrikaans verwoord.

Hierdie goed versorgde bundel vertalings is ’n aanwinst tot Cussons se poëtiese oeuvre. Dis verblydend dat haar werk sodoende vir ’n breër, hopelik internasionale, leserspubliek toeganklik gemaak word.